

Vroue wat bid: Leer jou kinders om te bid

'n Mens leer 'n kind nie in een dag om te bid nie. Dit vereis lang gesprekke (met hulle), demonstrasie (deur jouself) en oefening (laat hulle dit self doen). Hulle leer die maklikste as hulle jou hoor bid. Kinders doen wat hulle ander sien doen. Hier volg 'n paar idees oor hoe om 'n leefstyl van gebed by jou kinders te kweek. Leer hulle om met God te praat asof Hy 'n werklikheid is (wat Hy inderdaad is), sodat hulle graag met Hom sal wil praat!

1. **Wees eerlik in gebed:** Ons kan kinders leer om 'dankie', 'jammer' en 'asseblief' vir die Here te sê op dieselfde manier as wat ons hulle leer om dit vir ons te sê. Ons kan hulle help en leer om ander te vergewe en uiters belangrik, om hulleself te vergewe. Dit is nie altyd maklik nie, maar dit is belangrik vir kinders om te weet dat hulle eerlik met God mag wees en vir Hom kan sê wat vir hulle moeilik is. So leer hulle om vir die Here te vra om hulle te help om te wil vergewe.
2. **Maak gesinsgebed 'n gewoonte:** Gesinstye van gebed kan tye van spanning of genot wees. Weet dit en moenie mismoedig raak nie. Bid aan die begin van maaltye. Maak seker dat julle as 'n gesin saambid – alle lede ingesluit – ten minste een keer per week. Gee elkeen 'n kans om te bid ongeag hoe eenvoudig die gebed.
3. **Bid altyd:** As kinders na jou kom met 'n probleem, luister fyn. Vra eers vir hulle hoe hulle dink die situasie kan verbeter. Help hulle as dit vir hulle moeilik is. Gebruik dan die oomblik om vir hulle te leer om dit daar en dan vir God te vra. Dit is belangrik dat jy 'n voorbeeldgebed bid en dit is ook belangrik dat jy hulle self laat bid. Op die manier leer hulle hoe om self te bid as hulle probleme het of voor moeilike situasies te staan kom.
4. **Bid wanneer iemand siek is:** Kinders glo alles is moontlik totdat liggelowige ouers vir hulle sê dit is nie! Daar is nie beter gebedsoldate vir siekes as kinders nie. Jesus het gesê ons moet na Hom toe kom soos kinders. As iemand in die gesin nie gesond voel nie, doen spesiaal moeite om vir mekaar te bid sodat gebed vir die siekes deel van die kinders se leefstyl word.
5. **Gebed kan sang wees:** Kinders is lief om te sing. Sang is vir die Here 'n baie belangrike deel van gebed. Dit leer kinders om God te aanbid ook vir wie Hy is en nie net vir dit wat Hy vir hulle kan doen nie. Maak seker dat jy dikwels en spontaan vir die Here in die huis sing. Sing bekende aanbiddingsliedere of spontane liedere oor wie God is. Dit sal kinders leer om self vir God te sing.
6. **Bid terwyl jy lees:** Alle kinders is lief vir boeke wanneer hulle klein is. Vra die Here hoe jy hulle met die Bybel kan boei. Maak seker dat jy gereeld vir hulle uit die Bybel lees. Moenie net uit kinderbybels lees nie, maar soms ook uit jou eie Bybel. Oefen om dit wat jy lees op praktiese situasies toe te pas en vra die kinders om daarvoor te bid.
7. **Doen jou tuiswerk:** Kyk of jy een keer per week of van tyd tot tyd saam met ander ma's 'n groep kinders bymekaar kan kry. Maak beurte om elke week 'n gebedstema uit te werk, iets wat die kinders saam kan doen. Daar is baie bronne met idees oor hoe om kinders te leer bid. Maak seker dat jy spesiale moeite doen om in jou kinders se lewens te belê.
8. **Bid die Woord:** Help hulle om Skrif oor elke dag se probleme te bid en te proklameer. Dit sal vir jou ook werk! Hier is 'n paar voorstelle:
As God ver voel: *Nader tot God en Hy sal tot julle nader (Jakobus 4:8).*
As hulle sukkel om God te glo: *Ek glo ... Help my in my ongeloof (Markus 9:24).*
Wanneer hulle bang is oor iets: *Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing (2 Timoteus 1:7).*
As hulle mismoedig voel *Waarom is ek so in vertwyfeling?... Vertrou op God! (Psalm 42:6).*